

11 November

Skrifgedeelte: Handeling 20:17-38

Fokusgedeelte: Handeling 20:28

Die kerk behoort aan die Here

Paulus het die gelowiges gegroet en hulle sou hom nie weer sien nie. Dit was 'n baie hartseer geleentheid gewees. Die hartseer van die afskeid is egter nie dit wat vooropstaan nie, maar die noodsaaklikheid dat die werk in God se koninkryk moes voortgaan. En daarom het Paulus die sorg van die gemeente aan die ouderlinge oorgedra.

Hierdie was nie die eerste keer dat so iets gebeur het nie. Jesus het dit ook gedoen voordat Hy opgeneem is in die hemel, toe Hy vir die dissipels gesê het: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

Om as 'n gestuurde te kan optree, moes Jesus se dissipels en die ouderlinge eers self in hulle eie verhouding met die Here sterk staan. Hulle moet dan met die krag van die Heilige Gees sorg dra vir die kerk van die Here.

Dit moet elke dienaar wat deur die Here gestuur is, altyd onthou: die kerk behoort nie aan ons nie, maar aan die Here. Enige menslike organisasie sal mettertyd tot niet gaan, maar die kerk van die Here sal nie net hierdie wêreld oorleef nie, maar ook voortleef in die teenwoordigheid van die Here.

Daarom is die kerk nie van Paulus of Barnabas of die predikant afhanklik nie, maar van die bewaring deur die Here. Hy het self die kerk bewaar, en nou stuur Hy ons om dit te doen as sy dienaars.

Sing: Psalm 145:1, 11 (1936)

Dr PC van der Walt (Pietersburg-Suid)